Na Wie Toe Sal Ons Gaan?

Gesigte wat skyn en groot verwagtinge, wag en . . . [Leë kol op band—Red.] . . . ons glo dat God baie goed vir ons gaan wees, dink julle nie so nie? Toe ons ingedraai het, ek en Billy, daarbuite net 'n paar oomblikke gelede, het ek daardie lied hoor opklink: "Is Jesus ons Heer nie Wonderbaar." Ek het gesê: "Amen, dis reg; dis reg." Hy's wonderbaar.

2 O, was Hy goed vir julle sedert ek verlede jaar weg is? O, dis wonderlik. Wel, Hy was beslis goed gewees vir my. Bly om Broer Rasmussen en baie van my vriende, wat van buite die stad is, hier te sien vanaand. En ek's seker soos die week aangaan, sal ons mekaar ontmoet en baie gemeenskap saam hou. Soos ek altyd hierdie opmerking gemaak het (ek hoop nie dit klink ontheiligend nie), ek het gesê: "Ons begin mekaar so goed ken, dat ons mekaar se kougom kan kou." Dit—dis regtig broederlike liefde, nie waar nie? Dis regtig noue gemeenskap.

3 Wel, ons het 'n paar reise op die see uit gehad, na die eilande toe, en die Here was ons genadig daarbuite. En ek het die voorreg gehad om Broer David du Plessis hier te hê, soos julle almal hom ken, en ons het beslis 'n paar wonderlike tye saam gehad, ek en Broer David, oor die land. En ons hoop dat die Here sal voortgaan om ons bedienings te seën soos ons saam reis.

4 Het wonderlike verslae gehoor van hierbo af, briewe ontvang van die laaste genesingsveldtog van baie mense se genesing. Ek glo ek kyk na 'n, o, Broer en Suster Kidd wat hieronder sit. O, julle lyk so goed vir my. Onthou julle, ek het vir julle gesê julle sou hier wees? Goed. Dis presies reg. Dis reg, baie goed . . .

5 Julle het, natuurlik, almal verstaan wat verkeerd was met Broer Kidd, nie waar nie? Het julle nie? Wel, hy was—hy was 'n baie siek man. Die dokters het hom net 'n paar dae gegee. En ons het een oggend soontoe gekom, en is omtrent twee-uur by die huis weg, om vir hom te kom bid, en—en gedink hy sou nie hier wees, as ek nie gekom het aan die einde van daardie week nie, wat omtrent nog drie dae sou wees, sou hy nie meer hier op aarde gewees het nie.

Toe ek klaar gebid het, het ek gesê: "Broer Kidd, ek wil jou hand skud en jou daar ontmoet, die Chautauqua." Hier is ons.

6 Altyd daardie ou mense respekteer. Sien? Hulle was buite besig om die evangelie te verkondig toe ons kinders was. Dis reg. En dit beteken iets. Hulle—hulle het al die stompe uit die pad uit gekry, sodat ons glad op die hoofweg kon ry. Dis reg. Dis baie goed.

7 Ek weet hy, Broer du Plessis preek en hulle het ander sprekers hier. En ek soek na Mattsson, waar is hy? Ek het hom nog nie

gesien nie, is hy by die kon- . . . ? [Iemand in die gehoor sê: "Môre-oggend, sal hy hier wees."—Red.] Sal môre-oggend hier wees . . . Ek het Broer Mattsson so lanklaas gesien; dit sal soos tuiskoms wees om weer vir Broer Mattsson te sien. En so vandag sal in beslag geneem word deur baie, baie goeie boodskappe van die Here en ons verwag dat daar groot dinge gaan gebeur.

8 Hoeveel sal graag 'n genesingsdiens wil hê hierdie week? Sal julle dit graag wil doen? O wonderlik, dis net goed. Goed. Ons sal sien of die Here dit vir ons sal voorsien. En ons sal 'n genesingsdiens hou. Hoeveel hierbinne wil graag die Heilige Gees ontvang hierdie week? Laat ons julle hande sien, huh. O goeiste, dis wonderlik. Mmm. Dit klink soos herlewing, nie waar nie, broer? Dis reg.

9 Gisteraand het ek in my kerk afgekondig, ek het gesê: "Elke persoon hier wat nie die Heilige Gees het nie, kom jy na die Chautauqua toe. Ek's amper seker jy gaan dit kry voor jy terugkom." Amen. Het ons 'n plek vir hulle om in te gaan en te bid? Net daar oorkant, nou dis goed. Julle weet, net soos ruspers wat mekaar volg, vorm net 'n ry daar oorkant om, en . . .

10 Ek dink dit was Buddy Robinson wat eenkeer gesê het: "Here, as U my nie die Heilige Gees gee nie, sal U 'n hoop bene net hier in die veld kry lê wanneer U terugkom." Dis toe hy dit ontvang het.

11 Wanneer jy ernstig begin raak met God, sal God ernstig raak met jou. As ons net daardie huiwerinkie van ons kan laat vaar dat God . . . "Miskien sal Hy, miskien, ek hoop Hy sal." Hy sal, Hy het dit belowe, sien? Ons wil dit so glo.

12 Nou, ons wil julle nie saans te lank hou nie, sodat julle elke aand vars kan terugkom. En ons is bly om ons predikerbroers en almal te sien. So voor ons nou na die Woord blaai vir 'n boodskappie vanaand, laat ons ons hoofde buig terwyl ons bid.

13 Ek wonder vanaand, as voor ons bid, as julle julle hoofde gebuig het, as daar 'n sondaars is, hoeveel sondaars is teenwoordig wat graag vir God sou wou sê aan die begin van hierdie diens, "Here, red my siel voor hierdie diens sluit"? Steek julle hande op. God seën jou, jou. Dis reg. Net . . . Nee . . . Hou net julle hoofde gebuig en steek net julle hande op. God seën julle.

14 Hoeveel hier sonder die Heilige Gees sou sê: "Here, ek bid dat U my die Heilige Gees sal gee voor die dienste sluit"? Laat ons julle hande sien. O goeiste, net soveel. Goed, God sal dit gee, ek's seker.

15 Genadige Hemelse Vader, soos ons U troon van genade nader en in die skadu van U geregtigheid staan, buig ons nederig ons harte, sowel as ons hoofde, voor U. Want ons besef, Here, dat ons eendag in U Teenwoordigheid moet staan om rekenskap te gee van die lewe wat ons gelewe het op hierdie aarde wat U vir ons gegee het. En ons weet daar is net een manier wat ons ooit versoen kan word; dit is, deur die Bloed van U Seun, die Here

Jesus. Dis hoekom hierdie konvensies gehou word. Dis hoekom ons preek, en hoekom ons probeer, is om mense in die Koninkryk van God te sien indring.

16 Here, ek bid dat daardie sondaars wat hulle hande opgesteek het, Christene sal wees wanneer hierdie diens gesluit word vanaand. Mag elkeen wat hulle hande opgesteek het om die Heilige Gees te ontvang, mag Hy oorvloediglik op hulle val vanaand, hulle vul met Sy goedheid en genade om hulle deur die res van die lewensreis te lei. Genees die siekes en die beproefdes, Here. En mag daar 'n ou her- . . . tydse herlewing onder ons wees, Here, in ons harte, wat die buitewêreld dors sal maak.

17 Daar staan geskrywe: "Julle is die sout van die aarde." En sout skep 'n dors. God, maak die Christene op die grond en rondom die geboue, waar hulle ook al vergader is, mag hulle so sout wees, tot die ongelowige sal sê: "Here, laat my soos daardie man of daardie vrou wees." Skenk dit, Here. Neem ons onder U sorg. Ons wandel in 'n wêreld van duisternis, en kyk op na waar die Lig vandaan kom. Skenk hierdie dinge, Vader, en mag hierdie een van die grootste konvensies wees wat ons al ooit gehad het. Seën elke spreker, elke prediker, en elke Christen, en almal wat die dienste bywoon. Mag dit 'n wonderlike tyd vir ons almal wees. En wanneer ons klaar is, dienste gesluit is, herlewing verby is (of die konvensie), mag dit van ons almal gesê word, soos hulle wat van Emmaus af gekom het, soos ons na ons huise toe terugkeer, "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy langs die pad met ons gepraat het nie?" Ons vra dit in Jesus Christus' Naam, U Seun. Amen.

18 Die konvensie is, natuurlik, vir die sprekers ensovoorts en bymekaar te kom, maar ons het 'n ander rede vir 'n konvensie; dit is, vir die seën van ons siele, en vir die genesing van die siekes, redding van die siele. En nou, laat ons hierdie konvensie maak, dat elkeen van ons ons skouers aan die wiele sit. En in ons verskille van een wat aan een denominasie behoort, ander een, aan die ander, dit beteken niks.

19 Ek's 'n man; ek hou van 'n Ford; en ek hiernatoe gery in my seun se Chevrolet. So ek het nie vir hom kwaad geraak omdat hy 'n Chevy gekoop het nie. Ek—ek hou van die Ford, want ek amper nog nooit enigiets anders as 'n Ford gehad nie. So ek hou van hulle. En—en julle weet ek het uitgevind sy Chevy neem my oral heen waar my Ford my neem so . . . Net solank ons in die regte rigting op pad is, is—is die hoofsaak. En dis hoe ek dink dit is. God wil hê ons moet almal op pad wees in die regte rigting. En daardie rigting is na Jesus Christus.

20 Nou, kom ons blaai vir 'n Skriflesing vanaand in die Boek van Johannes die 6de hoofstuk, en kom ons begin by die 66ste vers lees, as julle die Skrifte neerskryf.

En *hieroor het baie van Sy dissipels teruggegaan, en nie meer saam met Hom gewandel nie.*

Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle *nie ook weggaan nie?*

En Simon Petrus wat *Hom* geantwoord het, *Here, na wie toe sal ons gaan? U* het *die woorde van die ewige lewe.*

En ons glo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.

21 Mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van die Woord. En as ek dit 'n teks sou noem, wil ek graag oor hierdie onderwerp praat vir 'n paar oomblikke: *Na Wie Toe Sal Ons Gaan?*

22 Julle weet, die mens het nie veel verander nie. Hy dwaal nog steeds in die wêreld rond op soek na plesier, rusteloos, nooit tevrede nie, kom nooit tot enige regte gevolgtrekkings nie, vind nooit rus nie. Hy is net omtrent in dieselfde toestand as wat hy was toe hy God verlaat het in die tuin van Eden en uitgegaan het om vir homself te sorg. Hy het gesorg van toe af. En hy vind dis 'n moeilike weg om te volg. En dit lyk of hy nie te te veel omgee, by baie, net waar hierdie lewe sal eindig vir hulle nie.

23 En as ons kon gaan sit en opname maak, en die vraag vra van hoekom ons hier is? Hoekom het ons ooit op hierdie aarde gekom en wat het ons hierheen gebring? En waar gaan ons ewige bestemming wees?

24 Ek glo as ons almal so sou dink vir vyf minute van ons lewe, ernstig, sou ons almal soos Petrus sê. Want Petrus het iets gevind in Jesus Christus wat nie in ander mense is nie. Dis hoekom hy gevra het: "Na wie toe sal ons gaan?" Hy het nie gesê: "Waarnatoe sal ons gaan?" nie. "Na wie toe sal ons gaan? Want U het die woorde van die Ewige Lewe." En wonder hoekom—hoekom Jesus soveel verskil het van ander mense. Waarom was dit dat Hy . . .? Of wat was dit wat Hy gehad het wat ander mense nie het nie? Daar was iets omtrent Jesus wat geen mens het nie, of gehad het tot op daardie tydstip nie. En dit het Hom anders gemaak.

25 En ek dink dis dieselfde ding vanaand, dat 'n man wanneer hy 'n Christen word, daar iets omtrent hom is wat verskil van al die ander weë van die lewe. Maak nie saak hoe goed; hy mag 'n goeie burger wees, die ekstra myl loop, of 'n goeie buurman wees, maar wanneer hy in kontak kom met Jesus, is daar iets wat verander in hom. Daar's iets wat hom anders maak, merkbaar anders.

26 'n Paar dae gelede, ek sal julle later vertel in die, een van die dienste, iets het met my gebeur. En al die visioene wat die Here God my nog ooit gegee het . . . Daar het iets met my gebeur wat 'n verandering gemaak het, 'n definitiewe verandering in my. Want ek is iewers heen geneem waar ek nog nooit vantevore was nie,

maar ek hoop beslis dat ek eendag sal teruggaan. En ek sal julle in ’n ander diens daarvan vertel.

27 Maar praat van na wie toe ons sal gaan, of ons na kan gaan, kom ons kyk net na omtrent, ek het sewe dinge hier neergeskryf. Die rede waarom ons na Jesus toe moet gaan, om hierdie te vind wat niemand anders as Hy het nie. Sewe redes, daar’s duisende redes, maar ek het gedink dat ons miskien uit hierdie sewe redes iets kon put vanaand wat dalk vir ons ’n beginpunt kon gee om vanaf te begin, iets wat vir ons ’n entoesiasme sou gee, iets wat ons sou aanmoedig om—om ’n beter houvas te kry.

28 Die eerste ding waaraan ons dink dat dit, terwyl ons uit hierdie wêreld uitgaan (Ons is seker daarvan.), dat ons nie in die verkeerde rigting wil gaan nie. Ons wil Hemel toe gaan wanneer ons hierdie wêreld verlaat. Elke persoon wil dit doen. En daar’s net een Hemel. Ons weet almal daar is nie vier of vyf hemele nie. Daar is een Hemel, en daar’s een Weg om by daardie Hemel uit te kom. En Jesus het gesê: “Ek is daardie Weg.” Dis hoekom ons by Jesus moet uitkom, want Hy is die Weg.

29 Nou, ek weet dat daar ander verklaarde weë is. Daar is weë wat mense probeer sê: “As ek volgens die Goue Reël lewe, of die Tien Gebooie onderhou, of ophou vleis eet, of een of ander godsdienstige dade. . . ” wat in die haak is, as hulle dit wil glo. Maar steeds, is dit nie die weg na die Hemel nie. Jesus is die Weg. Ek sê nie dat julle wat daardie dinge wil doen, nie Hemel toe sal gaan nie, maar julle sal Jesus eers moet vind, want Hy is die Weg, *die*, die enigste Weg.

30 En nou, daar is ’n weg wat vir die mens reg lyk, maar die einde is die dood. En daar is ’n weg wat ons probeer volg: Baie mense behoort aan losies. Ons pastoor het nou die dag sy skoonsuster begrawe, wat ons probeer het om haar te laat afsien daarvan om te dink dat dit haar losie is wat haar Hemel toe sou vat. Maar omdat sy aan ’n sekere vereniging van ’n losie behoort het. . . Wel die losie is. . . Dit hang van hulle af.

31 Ons is nie hier om mense te veroordeel vir, sondaars dat hulle sondig nie. Ons is hier om die mens te veroordeel op ’n hoër vlak as dit. Ons is hier om sonde te veroordeel, nie die sondaar nie. Die mens verloor nie sy lewe omdat hy ’n sondaar is nie; hy verloor sy lewe omdat hy weier om sy lewe te aanvaar. En sy lewe is in Christus Jesus. Hy’s die enigste een wat Ewige Lewe het.

32 En hierdie vrou wou nie die idee opgee dat haar losie net so goed was as enige kerk of enigiets anders nie, vrou met kanker, en die pastoor het haar begrawe, eergister.

33 Nou daar is ’n weg wat mense dink dat hulle net ’n goeie lewe lei en Hemel toe kan gaan. Maar dis ’n fout. Jy gaan nie Hemel toe deur ’n goeie lewe te lei nie. Die mense onder die wet van Moses het ’n goeie lewe gelei.

34 En dan is daar 'n weg van 'n kerk, wat ons probeer Hemel toe gaan deur die weg van die kerk. Maar die kerk, so goed as wat dit is. . . En ek dink dat elke persoon aan een of ander kerk moet behoort. Maar in die kerk, en so goed soos wat dit is, is dit steeds nie die weg nie. Die kerk kan jou net die Weg wys. Maar Jesus is daardie Weg. Sommige het daardie weg verdraai, om dit te verander in jou kategismus te leer, of geloofsbelydenisse op te sê, of 'n boek reëls te volg. Dit mag alles baie goed wees, maar dis nie die weg nie. Jesus is die Weg. Hy's die enigste Weg. "Niemand kan na die Vader toe kom behalwe deur My nie," het Jesus gesê. Die enigste weg om na die Hemel toe te gaan is deur Jesus Christus.

Vandag, is ek verstom, baiekeer, as ek mense vra: "Is jy 'n Christen?"

Hulle sê: "Ek's 'n Metodis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek's Baptis," of: "ek's Presbiteriaans," of selfs: "Pinkster," of: "Pelgrim Heiligheid," of een of ander kerk.

35 Nou, daardie mag goed wees, maar dis nie die vraag nie. Die vraag is: "Is jy 'n Christen?" En jy kan nie 'n Christen wees totdat jy Christus ontvang het, Christus in jou nie.

Nou, baie mense sê dat: "Ek sal Hemel toe gaan, want my geloof sê vir my so. Ek behoort aan die kerk, en my geloof sê vir my dat ek reg is."

36 Nou, ek glo ook in die genade van God. Maar kyk, maak nie saak wat jou geloof is nie, jy gaan nie volgens jou geloof geoordeel word nie; jy gaan geoordeel word volgens jou werke. En wanneer jy sterf, verander die dood nie jou gees nie; dit verander net jou woonplek. Dit verander net die huise vir jou. En as jy in jou sondes sterf, gaan jy na 'n erger woonplek toe as waarin jy nou woon. Maar as jy in Christus sterf, sal jy by Christus wees, want Hy is *die* Weg.

37 Daar was eenmaal 'n man, weet ons, in die Bybel. En hy het na die Bruilofsmaal toe gekom. En hy het langs die tafel gaan sit. En toe die Koning inkom, of die Bruidegom, het Hy na hierdie man gekyk, en hy was nie aangetrek vir die bruilof nie. En Hy het vir hom gesê: "Vriend, waar kom jy vandaan?" Met ander woorde, soos hierdie: "Hoe het jy hier ingekom?"

38 Nou, baie van julle wat al in die Ooste was, weet dat hulle bruilofsgebruike nooit verander nie. Dis net dieselfde vandag. En in daardie bekende gelykenis van ons Here, is die bruilofsmaal gereed, en die bruidegom gee die uitnodigings uit. En hy teken elke uitnodiging vir almal wat uitgenooi is. En dan laat hy sy dienskneg by die deur na die ingang van die gebou staan. En in 'n houertjie naby die deur, het hy 'n groot hoop klede wat daar lê. Hy het 'n kleed vir elke uitnodiging. En dan wanneer

die persoon naderkom, miskien 'n welgeklede man, goed versorg, maar wanneer hy by die deur kom, word daar vir hom 'n kleed aangetrek. En hy gaan in met hierdie kleed aan.

39 Dan kom die man in wat net redelik geklee is, ons sou sê swak geklee, en daar word vir hom dieselfde kleed aangetrek as wat die ryk man het.

40 Dan mag die arm broer daar aankom wat nie gepaste klere het om na die bruilof toe te kom, of die bruilof by te woon nie. Maar hy hoef nie skaam te voel nie, want wanneer hy by die deur kom, word daar vir hom 'n kleed gegee, en dieselfde soort kleed is vir die ryk man, en vir die middelklas man gegee is, sodat wanneer hulle langs die tafel sit, hulle almal dieselfde lyk.

41 Dis hoe elke kind van God vir Hom lyk. Ons is almal eenders as ons deur die Deur kom. Nou, hierdie kleed simboliseer die Heilige Gees, wat Christus is in geestelike vorm.

42 Nou, toe hierdie man, hy was sprakeloos; hy kon niks sê nie. En hy was. . . Die Bruidegom het beveel dat hy vasgebind en uitgegooi word in die buitenste duisternis. Maar hy het daar gekom, egter, maar wat het dit gewys? Dat hy het. . . Of by 'n venster ingekom het, of by die agterdeur ingekom het, of dat hy op een of ander manier ingekom het behalwe die voorsiende weg. En hy is uitgegooi.

43 En daar is 'n voorsiende Weg vandag; dit is nie deur ons geloofsbelydenisse of deur enige ander ding behalwe deur Jesus Christus nie. Hy is die Weg. En 'n mens kom na God toe deur Jesus Christus, ontvang die Heilige Gees, en word beklee net soos die res van hulle wat kom, ryk of arm, almal word dieselfde gemaak. Niemand kan inkom nie, net deur Hom.

44 Op een plek, in Johannes 10, het Hy gesê: "Ek is die Deur na die skaapkraal." As ons in die skaapkraal ingaan, moet ons deur die deur Deur gaan. Hy is daardie Deur.

45 Herinner my aan 'n man in Louisville, hier omtrent twee jaar gelede. Hy het iets verkeerd gehad met een van sy ore. En hy is behandel deur 'n—'n plaaslike dokter, en die geval het ernstig begin raak. En hy kon dit nie verstaan nie, so hy het hom na 'n spesialis toe gestuur.

En die spesialis het gesê: "Ek weet nie wat die siekte is nie."

46 So hulle het hom na 'n oorspesialis in St. Louis gestuur. Met sy aankoms, het hy uitgevind dat die ou dokter afgetree het en hy onder in New Orleans woon. So hy het op 'n vliegtuig geklim en afgevlieg na New Orleans. En hy het rondgevra tot hy hierdie ou dokter gevind het. En hy het vir hom gesê: "Ek het 'n oor toestand wat hulle bang is 'n sekere siekte is." Ek weet nie wat dit was nie, en as—as ek dit sou sê, sou ek nie weet wat ek sê nie; en ek twyfel of julle ook sou weet; so enigste ding wat dit sou wees, dit was

een of ander tipe oorsiekte. Het 'n naam daarvan gehad, 'n groot, lang naam . . .

En in elk geval, toe die ou dokter na sy oor gekyk het, het hy dit gesê, dis wat dit was, en dit was 'n gevorderde geval.

47 Die jong man het gesê: "Dan, Dokter, sal jy my opereer en my lewe probeer red?" Want as dit verder gaan, gaan dit na die brein; en dan was hy hopeloos.

48 Wel, hy het gesê: "Jong man, ek's te oud. Ek kan nie daardie operasie doen nie, en daar is net een dokter oor in die hele wêreld, waarvan ek weet, wat daardie operasie kan doen."

Toe het hy gesê: "Waar kan ek hom kry?"

49 Hy het gesê: "Hy is in New York op die oomblik, op pad Europa toe vir ses maande vakansie. En as jy wag tot hy terugkom, sal jy dood wees. Jy kan nie wag tot hy terugkom nie; jy moet hom nou in die hande kry."

En die jong man het angstig geraak. Hy het gesê: "Weet jy van enige manier wat ek hom in die hande kan kry? Bel iemand; doen iets."

50 Nou, kan julle julle voorstel dat daardie jong man vir daardie dokter gesê het, nadat hy sy geval gediagnoseer het en vir hom gesê het dat hy op pad na die dood was, sy geval net gevorderd was, en dan dat hy iets moes doen, en dat daar net een persoon was waarby hy moes uitkom om sy lewe te red, kan julle julle voorstel dat daardie jong man sou gesê het: "Baie goeie toespraak, dokter. Dit was baie treffend. Ek sal weer terugkom om na jou te luister in 'n gemaklike seisoen"? Nee, meneer, sy lewe was in gevaar. En daar was net een dokter wat dit kon red, en hy wou weet wie dit was.

51 As ons net so besorg sou wees oor ons siel vanaand, soos daardie man was oor sy lewe en sy oor toestand. Daar is net Een wat ons kan red, net een Weg, en Jesus is daardie Weg. Geen ander weg waarvan ons weet behalwe deur Jesus Christus nie. Hy is die Weg na God. Hy's die Weg na die Ewige Lewe. Nou, Hy is die enigste Weg.

52 Tweedens, is Hy die Waarheid. Nou, baie mense . . . Ek het in kerke ingegaan, en ek het hulle hoor sê: "Ons het die waarheid. Ons geloofsbelydenisse is reg; hulle is vir ons gegee deur ons vaders. Ons het die waarheid. Ons doen sekere dinge." En ander sê: "Ons onderhou hierdie soort dae; ons onderhou hierdie maande; en ons doen hierdie; ons het die waarheid."

53 Dit is heeltemal verkeerd. Jesus het gesê Hy is die Waarheid. Jesus het gesê in Johannes 17:17: "Heilige hulle, Vader, deur die Waarheid: U Woord is die Waarheid." En: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

54 Hy is die Waarheid. Daar mag ander waarhede wees; maar Jesus is daardie ware Waarheid, daardie Hemel-gebore Waarheid, God se ewige Waarheid wat vir ons gestuur is, die enigste Weg en die enigste Waarheid. Ander dinge mag waar wees, maar Jesus is daardie Waarheid van God, die waarheid van God se verlossing. Die waarheid van God se plan is Jesus Christus. Die Weg, die Waarheid . . .

55 Derdens, is Hy die Lig, die enigste Lig. O, ek weet ons het Russeliete, Cambelliete, en watter soort ligte, maar Jesus is die ware Lig. Hy is die Lig wat in die wêreld ingekom het sodat ons nie in duisternis hoef te wandel nie, maar in die Lig wandel. Hy is daardie ewige Lig.

56 O, wanneer ek daaraan dink, daar is eintlik net een plant-gewende lewe. Dis die son, s-o-n. En in die wintertyd, wanneer die blare van die bome afval . . .

57 'n Paar maande gelede, was ek onder in Kentucky besig om eekhorinkie te jag saam met Mnr. Wood, verlede herfs. En daar was 'n man daaronder wat veronderstel was om 'n ongelowige te wees. En Mnr. Wood het gesê: "Kom ons gaan soontoe en jag op sy plek, want daar's slote ensovoorts. En dis droog; ons kan loop deur daardie slote." Omtrent middel Augustus.

Ek het gesê: "Is hy 'n ongelowige?"

Gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Ek twyfel baie sterk of hy my sal laat jag."

En hy het gesê: "Wel, kom ons gaan soontoe en vra hom."

So ek het in die kar bly sit. En die . . . Mnr. Wood het nadergegaan, en hy het met hom gepraat, en hy het hom op die naam genoem. Hy het gesê: "Ek wonder of ons 'n bietjie kan jag."

Hy het gesê: "Is jy Jim Wood se seun?" En ek dink beide Banks en Jim is hier vanaand.

En hy het gesê: "Ek is."

58 Hy het gesê: "Wel, jy kan enige plek op my plek jag. Jou pa was 'n eerlike en regverdige man. Daarom, kan jy enige plek jag wat jy wil. Ek het vyfhonderd akker van woude hier; help net jouself."

En hy het gesê, hom op sy naam genoem, en hy het gesê: "Ek het my pastoor saamgebring, is dit reg as hy ook jag?"

59 Die ou kêrel het sy hoed afgehaal, met 'n yslike groot pruimtabak in sy mond, op die grond gespoeg, hy het gesê: "Wood, jy wil nie vir my sê dat jy so sleg geraak het dat jy 'n prediker oral met jou moet saamdra nie."

En ek het uit die kar uitgeklim en soontoe gestap. Hulle het onder 'n appelboom gesit.

Ek het gesê, hy het gesê: "Hierdie is ons pastoor."

En ek het gesê: "Aangename kennis, meneer?"

60 En hy het gesê: "Wel," hy het gesê: "Ek sal jou sê," gesê: "dis reg vir jou ook om te jag." Hy het gesê: "Ek het niks teen julle predikers nie." Maar gesê: "Jy weet, ek is veronderstel om 'n ongelowige te wees."

En ek het gesê: "O, ek dink nie dis iets om oor te spog nie."

61 En hy het gesê: "Nee, ek besef dit." Hy het gesê: "Dit is nie," maar gesê: "ek—ek wou altyd iets vind, vir my, wat gelyk het soos iets wat God was." Hy het gesê: "Omtrent twee jaar gelede, was daar 'n prediker wat hier oorkant na Acton toe gekom het, en buite by die Metodiste kampgronde (net omtrent soos hierdie) vir drie aande se dienste." En gesê: "Sekere ou dame wat hierbo op die heuwel woon, sy het kanker in die maag gehad. Ek en my vrou het daarnatoe gegaan om die laken onder haar uit te trek; sy kon haar nie eers meer beweeg, om enige, deel, om op die bedpan te kom nie." En gesê: "Ons moes die laken trek, haar in die laken omdraai, sy was so erg." Gesê: "Haar suster het daardie diens die aand bygewoon." En gesê: "Hierdie prediker was nooit tevore in hierdie streek nie, en het omgedraai en vir hierdie vrou gesê: 'Vat daardie sakdoek, wat jy in jou beursie het, gaan daar af na jou suster toe en (dis haar naam, wat dit ook al sou wees), lê dit op haar want SO SPREEK DIE HERE, sy sal genees word.'" En gesê: "Ek het daardie aand gedink hulle het die hele Heilsleër daarbo op daardie heuwel gehad." En gesê: "Die volgende oggend was sy op en het ham en eiers gebak. En van toe af werk sy." Hy het gesê: "Nou, wanneer hy terugkom, gaan ek na hom gaan luister."

62 Mnr. Wood het na my toe gekyk en ek het my kop vir hom geskud. En ek het gesê: "Jy bedoel as jy so-iets kan sien gebeur, dan sal jy 'n gelowige word?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

63 Ek het gesê: "Ja, meneer, dis baie mooi." En eekhoring bloed oraloor my, en vuil, omtrent sulke lang wangbaarde, het daarbuite in die woude gekamp, vir twee weke. Toe, het ek gesê: "Hoe oud is hierdie appelboom?"

Hy het gesê: "O, dis omtrent dertig jaar oud." Gesê: "Ek het dit omtrent dertig jaar gelede daar geplant."

Ek het gesê: "Ja, meneer, en dit dra elke jaar appels?"

Gesê: "Ja, dis reg."

Ek het gesê: "Ek wonder, meneer, dis net omtrent die eerste of tweede week in Augustus, en al die blare val van daardie boom af. Wat's fout?"

"O," hy het gesê: "die sap het in die wortels ingegaan."

Ek het gesê: "Wat het die sap laat afgaan?"

"Wel," hy het gesê: "as dit bo gebly het, sou die winter die boom doodgemaak het. Die sap bo in die boom is, sou dit dit doodgemaak het."

Ek het gesê: "Dan, het iets daardie sap laat afgaan in die wortels om weg te kruip sodat die winter dit nie kan doodmaak nie."

"Ja, meneer, dis reg."

"Nou, kom dit volgende lente op, en bring vir jou nog appels?"

"Ja, meneer, dis reg."

64 Wel, ek het gesê: "Sê vir my, meneer, as jy vir my kan sê watter Intelligensie daardie sap daardie boom laat verlaat nog voordat ons 'n koue tyd gehad het en afgaan in die wortels om weg te kruip deur die winter, sal ek vir jou vertel, dis dieselfde Een wat vir my gesê het om vir daardie vrou daar oorkant te gaan sê dat sy genees is."

Hy's dieselfde God; Hy werk in die hele natuur. Jy kan vir God oral sien waar jy kyk. Die son bring alle botaniese lewe, plantlewe voort.

65 Die klein saadjie. . . Het jy ooit jou sypaadjie gelê in die wintertyd, 'n groot klip neergesit, jou sypaadjie te maak, beton drie of vier voet diep gegiet, of wyd, liewer, dit in 'n lang strook gegiet? Waar is die meeste gras die volgende jaar? Reg rondom die rand van die beton. Hoekom? Jy kan nie lewe verberg nie. Wanneer daardie son begin skyn, sal daardie lewe voortkom. 'n Klein saadjie wat ver agter in die middel van hierdie sypaadjie lê, sal sy pad rondom druk, uit deur daardie beton, oor en om, onder die rotse en stokke en alles, totdat dit uitkom en sy koppie opsteek om God te prys. Jy kan net nie lewe verberg nie. Dit sal lewe voortbring net so seker as wat daardie lentetyd kom en die warm son begin om die grond te baai, lewe alle plantlewe, as dit lewe daarin het. Dis s-o-n.

66 En daar's net een ding wat Ewige Lewe kan bring: Dis wanneer die S-e-u-n kom, die Seun van die lewende God. Niks het ooit gesterf in Christus Jesus nie. Jy kan dit begrawe in die see, of waar dit ook al mag wees, dit sal kom wanneer daardie Lig begin skyn. Hy is die Lig. Hy is die enigste ware Lig.

67 Die son, s-o-n, is die enigste ware lig wat ons het om te sien om in te wandel. Hierdie ligte is kunsmatige lig, en dit skyn in die duisternis. Ons hoef nie vanaand te wandel in kunsmatige lig nie. Ons is kinders van die dag, nie kinders van die nag nie. Ons het Christus, en Hy's die ewige Lig. En ons wandel in Hom, want Hy is die Lig, die Weg, die Waarheid, en die Lig. "Niemand kom na die Vader, behalwe deur My nie." Dis hoekom ons by Christus moet uitkom. Dis hoekom Hy anders as enigiemand anders was.

Hy's die enigste Een wat hierdie dinge het om vir ons te gee. So waarnatoe sal ons gaan? 'n Lig, 'n ander lig iewers gaan kry.

68 Julle weet, bose dinge loop rond in die nag. Slange, goggas, allerhande insekte, hulle vlieg snags, want dit is boos. Maar laat die son opkom, gaan hulle na 'n donker plek net so vinnig as wat hulle kan gaan. Hoekom? Hulle is van die duisternis; hulle wil nie lig hê nie. Dis hoe die wêreld raak vandag; hulle wil nie die regte egte Evangelie Lig hê nie. Die ware Lig van God wys 'n mens se dade.

69 Daar kan iemand so dwaas wees om te sê: "Ek weier om te glo die son skyn." Verberg sy gesig, gaan in sy kelder in, maak die deure toe, en sê: "Die son skyn nie. Ek glo dit nie, julle klomp fanatikusse, gaan net hier weg." Wel, ons kan nie daardie kêrel help nie; hy's verstandelik versteurd. Nou, as hy daar wil bly en wag tot die nagtyd kom, en sy klein lantern kry, en begin uitgaan, rondkyk, dink hy het 'n bietjie lig, wel, kan hy voortgaan soos daardie. Maar jy kan hom nie sê nie.

70 Hy sal ook nie die seëninge van die son kan geniet nie. Hy sal nooit sy wonderlike strale wat afskyn, gesondheid-gewende strale, kan geniet nie. Hy sal nooit die skoonheid van die skepping kan sien nie, totdat hy regtig uitkom daarmee, en in die lig wandel nie. En Jesus is daardie Lig.

71 Nou, jy kan voortgaan en by die kerk aansluit; dis 'n goeie ding. Of jy kan jou geloofsbelydenis dien, 'n goeie ding. Jy mag aan losies behoort; jy mag hierdie dinge doen; ek het niks teen hulle te sê nie. Maar wat ek probeer sê, is dit: Jy het Lig nodig. En die Lig is Christus. En Hy is die enigste Een wat lig kan gee.

72 Jy mag daardie lig aanskakel. 'n Klomp grond hieronder met baie mieliepitte daarin, daardie lig sal nooit lewe voortbring nie. Nee, meneer. Daardie kunsmatige lig sal nie lewe voortbring nie. Dit verg die sonlig, die strale van die sonlig. Jy sê: "Watter verskil maak dit as dit net so lig is soos die son." Dit het nie die krag van die straal daarin om lewe voort te bring nie.

73 En die lig van enige geloofsbelydenis of enige, enigiets anders buiten Jesus Christus, het ook nie; Hy is God se Lig. En Hy's die Een wat vir ons die Heilige Gees gee. En wanneer ons in Sy Teenwoordigheid lewe, laat dit ons anders optree, anders lyk, anders praat, anders wees, omdat ons in die Lig wandel. Kinders van die Lig, lewe julle Daarin; baai julleself daarin; geniet Sy lewe-gewende vloede. Dis hoekom ons na Hom toe moet kom om dit te vind. Jy vind dit nie met 'n geloofsbelydenis nie. Jy nie . . . dis . . . Jou geloofsbelydenis, ek veroordeel nie jou geloofsbelydenis nie. As jy jou geloofsbelydenis het en vir Christus ook het, amen. Sien? Maar as jy net jou geloofsbelydenis het sonder Christus, is jy in 'n ellendige toestand. Dis reg. Moenie so probeer inkom nie, want dit sal nie lig gee nie. Jy sal aanstap, en jou hele lewe lank aanstrompel, en nooit kan verstaan hoekom

hierdie mense huil, hoekom hulle skree, hoekom hulle hulle hande klap, in tale praat, Goddelike genesing, die kragte van God, nie. Jy sal dit nooit ken met een of ander kunsmatige lig nie. Jy sal in die regte Lig, die Lig van Jesus Christus moet inkom, Wat elke mens verlig wat kom. Kom in daardie Lig in.

"Ek is die Weg, die Waarheid, en die Lig. Niemand kom na die Vader, behalwe deur My nie."

74 Vierdens, wil ek sê, Hy is die enigste ewige Fondament. Dis reg. Ons het baie ander fondamente, maar Christus is die enigste ewige Fondament. Al die res sal val behalwe Christus.

75 Jy mag jou fondament bou op rykdom. Jy mag baie geld hê, en baie geld vir jou kinders agterlaat. Wat sal dit veroorsaak? Waarheen lei rykdom: hartseer, teleurstellings, bakleiery, verskille, uitvalle, skietery, verkragting, moord, en uiteindelik partymaal tot selfmoord. Geld; die banke kan bankrot speel, toemaak, of iets gebeur wat jy, in 'n dobbelspel al jou geld verloor, dan vat jy 'n geweer en blaas jou kop weg. Sien? Daardie fondament is nie ewig nie. Jou geld het nie 'n ewige fondament nie.

76 Jy kan nie 'n ewige fondament op gewildheid hê nie. Dis die groot sonde van Amerika, is om te probeer gewild wees, vroue wat gewild probeer aantrek, mans wat gewild probeer optree. Al hierdie dingetjies wat aangaan, die maniere wat dit plaasvind, ek hoef nie daarmee te begin die eerste aand nie (maar, ek het nie gesê die derde of die tweede nie), ons sal stadig gaan daarmee vanaand. Maar om gewild te wees, gewildheid lei gewoonlik na sonde en skande (Dit lei beslis.), drie of vier huwelike en allerhande goed. En dit het geen ewige fondament nie.

77 Partymaal, mooi meisie, word haar skoonheid 'n vloek vir haar. Sy—sy vind dit uit; iemand sê haar daarvan. Sy wil soos een of ander filmster, of iets wees, in plaas van om haar te lewe te skoei op Jesus Christus. Sy bou haar hele fondament daarop, sonder om te weet dat sy net vyf jaar van regte lewe het, van vyftien tot twintig; dan begin sy sterf. En jy bou jou hele hoop daarop, in die wete dat jy moet oud word as jy lewe. Jy moet oud word; jy moet agteruitgaan. En die pragtige gesig wat jy het, sal daarbuite in die graf verrot eendag, en die goggas sal dit opvreet. So daar's geen ewige fondament op gewildheid nie: wie jy is, wat jy is nie. Dit het geen egte fondament nie; dis nie daar nie.

78 Dis soos party mense hulle fondament probeer bou op 'n gebou, materieel. Kyk na Amerika vandag en sy groot bouprogramme. Ek het nou die aand opgegaan en in 'n kerk gaan preek waar daar amper 'n stad is. En nie meer as tien of vyftien jaar gelede nie, het ek altyd eekhorinkie gaan jag in daardie woude. En nou, is daar 'n groot stad daarin gebou. Ek gaan na waar ek altyd konyne gaan jag het. Wel, dis behuisingsprojekte oral. Dis 'n dag van bou, en almal is mal, aan die bou.

79 ’n Man, ’n sekere man, goeie man, waarvan ek weet, wat net vreeslik gebou het, oral. Het baie geld gekry, en aangehou om nog en nog te bou. Hy en sy vrou, het albei, hulle het ’n sigaret aangesteek in Mexiko ’n paar weke gelede, in stukke geskiet deur gas wat ontsnap het in die kamer.

80 En watter fondament het jy? Daar’s geen fondamente op daardie dinge nie; hulle is hooi en stoppels. En hulle—hulle kan nie wees, ewige fondament bo-op hulle bou nie. Daar’s net een egte Fondament; dis Jesus Christus.

81 Hier ’n paar jaar gelede, het ek hierbo in New York saam met ’n Broer Berg gestaan. Ons het by ’n gebou verbygegaan, en daar was ’n yslike, groot gebou. O, dit was pragtig. En die argitek het soveel aandag gegee aan hoe hy dit gebou het, en sy klas. En toe ons by die gebou gekom het, die verrassing, dit was net omtrent amper voltooi, maar dit is net so gelos om daar te staan. Niemand het dit bewoon nie.

En ek het gesê: “Wat makeer?” vir hierdie man saam met wie ek daar was; ek het gesê: “Wat’s fout?”

82 Hy het gesê: “Daardie gebou het net een doel gedien.” Gesê: “Die kontrakteur was so geïnteresseerd in wat hy in die gebou ingesit het, dat hy vergeet het om diep genoeg af te gaan om dit op die regte fondament te plaas. So dit is afgekeur en daardie gebou kan enige oomblik inmekaar val. Niemand wil dit huur nie; niemand wil dit hê nie. Maak nie saak hoe mooi dit is nie, dit is nie op die regte fondament geplaas nie.”

83 Broer, suster, mag ek hierdie sê aangaande Jesus Christus, ek gee nie om hoe goed jy kerk toe gaan, hoe goed jy aantrek, watter goeie buurman jy is nie, as jy nie die tyd neem om af te grawe na daardie Fondament van Jesus Christus en jou hoop plaas op daardie vaste Rots daar nie, jou pragtige kerkgeboue, jou beklede kore, wat-nog wat goed is, maar dit sal inmekaar val een van hierdie dae. God sal dit afkeur, omdat dit nie gelê is op die Rots, Christus Jesus nie. Hy is die enigste Fondament.

84 Mexiko Stad; waar ons ’n groot diens gehad het, waar die babatjie weer lewendig geword het. En daar in daardie groot plek waar ons die diens gehou het, het een van die broers my die volgende dag uitgeneem om na die stad te kyk, wat Mexiko Stad is ’n pragtige plek. Maar wat het ek gevind toe ek daarbuite gekom het? Afgekyk oor die stad, van die modernste argitektuur wat ek al ooit gesien het. O, hulle het absoluut uit hulle pad uit gegaan. Maar wat dit was, hulle het nooit afgegrawe om die regte fondament te kry nie. ’n Groot persentasie van Mexiko Stad leun óf vooroor; die geboue is agteroor of sywaarts. Hulle het nooit tot op die rots gegaan nie. Maak nie saak hoe mooi die gebou gelyk het nie, dit was nooit solied op die rots gebou nie.

85 En wanneer jy begin met God, moenie op een of ander vals fondament neerlê nie. Moenie neerlê op emosies nie, moenie

neerlê op ’n geloofsbelydenis nie, maar lê jou lewe in die hande van daardie ewige Fondament, Jesus Christus, daardie Hoof Hoeksteen. Bou dan van daar af, maak nie saak hoe stadig of hoe vinnig nie, jy het die regte fondament. Lê op Hom, want Hy is die enigste Fondament wat sekuriteit het. Maar jy is veilig in Jesus Christus. Solank as wat jy in Hom is, is jy veilig van die storm. Hy is die enigste Fondament.

86 Dit was vierdens. Vyfdens, is Hy die enigste Ewige Geluk en Vreugde, Vrede. Wat kan ek nog sê? Hy is die enigste Ewige Vreugde, Ewige Geluk, Ewige Vrede. “My vrede laat Ek vir julle na, Ek gee nie soos die wêreld vir julle gee nie. Laat julle harte nie ontsteld wees nie.” Hy is die enigste Vrede en enigste Geluk.

87 O, jy mag lag soos ’n malle; jy mag histeries raak oor ’n sekere filmster wat ’n grap maak of iets. Maar wat is dit? Jy maak net ’n geraas; dit vervaag gou. Binne ’n paar minute is dit alles weg. Maar as ’n man ’n punt bereik het waar hy die vreugde gevind het wat daar is om te weet dat sy sondes vergewe is, dat hy dood is en sy lewe verborge is in God deur Christus, verseël deur die Heilige Gees, is dit onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid in die krag van die ewige God, in die wete dat jy veilig rus in Sy liefde en genade. Of die skool hou, of nie, watter verskil maak dit? As jy . . .

88 Ek sou graag wou sê op, ons sou almal graag wil teruggaan, ek en Broer Sullivan, teruggaan na waar ons agtien jaar oud was. Ons sou beslis. Maar wat as ons kon teruggaan na agtien jaar oud en dan, en vyfhonderd jaar lank lewe? Sou ons nie ’n oudheid wees nie? Beslis, dit sou beter gewees het as ons aanhou lewe het en oud geword het, en lang wangbaarde ensovoorts, as om die vyfhonderd jaar te lewe. Maar ons kon nie teruggaan na agtien jaar en wees . . . Want ons—ons kan nie groei soos moderne lewe gegroei het soos daardie nie. Want die tieners van vandag is nie soos hulle in my dag was nie. En die volgende dag sal dit dieselfde wees.

89 Wat as jy vanaand volmaakte gesondheid gehad het? Wat as jy nie ’n skeet of ’n pyn gehad het nie, en tog, en jy het geweet jy’s—jy’s ’n Christen? Tog in hierdie lewe, net hierdie lewe alleen, het jy geen bevrediging, geen ewige geluk, totdat jy geanker is in Christus nie.

90 Hoe weet jy vanaand, jy sê: “Ek voel heeltemal gesond, Broer Branham.” Hoe weet jy jou ma is nie sterwend op hierdie tyd nie? Hou weet jy pa is nie ’n paar minute gelede doodgemaak nie? Hoe weet jy die baba is nie omgery en doodgemaak nie? Hoe weet jy hierdie dinge? Sien, hierbinne is dit onrustige vrede. Jy het geen vrede nie. Dit is nie vir jou bedoel om vrede hier te hê nie. As jy gehad het, sou jy gewoond geraak het aan die wêreld. God wil nie hê jy moet gewoond raak aan hierdie wêreld nie. Hy wil hê jy moet in Hom rus. Kom na Hom toe, dan het jy vrede.

91 Ek gee nie om wat gebeur nie. As jy sou sê die Russe is gereed om op hierdie minuut die sneller te trek; hulle stuur 'n atoombom, het 'n ware wedergebore Christen Ewige vrede in sy hart. Niks, daar's niks wat hom kan—kan seermaak nie. Laat die koeël maar vlieg. Wel, die—die rook sou nie hier oor die straat getrek het nie, of ons sou in die heerlikheid wees by Jesus, om daar onsterflik in Sy gelykenis te staan, om nooit siek te wees, nooit hartseer te wees, nooit 'n teleurstelling te hê nie.

92 Ek wil hê julle moet 'n plek vind waarop julle 'n fondament kan bou op iets wat julle soontoe sal neem behalwe Jesus Christus. Ek wil hê julle moet iets vind wat julle soveel tevredenheid sal gee. Vind dit en dan kom vertel jy my. Ek het alles gedoen wat ek groot genoeg was om te doen en party dinge wat ek nie groot genoeg was om te doen nie, het ek probeer. Maar ek het nog nooit iets gevind wat ooit die plek aangeraak het soos daardie lewe-gewende vloed van die krag van God, as toe die Heilige Gees op my gekom het, broer, daardie nag, en my siel geanker het in Sy ewige verlossing nie. Dis vrede soos 'n rivier.

93 Toe ou Broer Shakarian altyd gesing het *Vrede Soos 'n Rivier*, het iets gebeur. Lewe of sterwe, watter verskil maak dit? Ons gaan in Sy Teenwoordigheid wees, terug verander in 'n jong man en vrou, so lewe vir altyd en altyd, ewiglik. So waaroor hoef ons bekommerd te wees? Daar's geen volmaakte geluk behalwe dit nie. Hy is . . .

94 Eerstens, Hy is die Weg; tweedens, Hy is die Waarheid; derdens, Hy is die Lig; vierdens, Hy is die enigste ewige Fondament; en vyfdens, Hy is die enigste Geluk en Vreugde; sesdens, Hy is die enigste blywende Prestasie. Hy is.

95 Sê julle my van iewers, of 'n plek, waarnatoe jy kan gaan, of iets wat jy kan doen, of iets wat jy kan behaal, wat ewig kan wees behalwe Jesus Christus. Sê vir my of jy 'n huis kan bou wat ewig sou wees. Sê vir my of jy 'n gewildheid kan opbou, ewig sou wees. Sê vir my of jy genoeg rykdom kan kry wat ewige rykdom sou wees. Jy kan dit nie doen nie, niks behalwe Jesus Christus nie. Hy is die ewige Prestasie. En al het jy ook hoeveel bereik in jou lewe, het jy nog nie die ewige ding bereik voor jy Christus Jesus gevind het en Hom in jou hart ingekry het nie. Hy is die ewige Prestasie.

96 Sewende, en laaste, mag ek dit sê: Hy is die enigste Verplasing (dis reg), die enigste Een waarin jy verplaas kan word. "Want hulle wat in Christus is, sal God saam met Hom bring wanneer Hy kom." Dis die enigste verplasing, is in Jesus Christus.

97 O, ons het allerhande ander dinge. Soos hier 'n tyd gelede, wat ek gepraat het by 'n ontbyt van sakemanne. Ek dink dit was in Puerto Rico. En iemand het vir my gesê, hy het gesê: "Jy is 'n prediker. En wat maak jy hier, by hierdie sakemanne?"

Ek het gesê: "Ek is 'n sakeman."

Hy het gesê: "In watter soort besigheid is jy?"

Ek het gesê: "Versekering."

Hy het gesê: "Watter soort versekering verkoop jy?"

98 Ek het gesê: "Blye versekering, lewensversekering." Ek het gesê: "As jy belangstel in 'n polis, sal ek dit met graagte met jou bespreek." Dis reg, ek stel belang.

99 Eendag, 'n seunsvriend van my, Wilmer Snyder, 'n baie goeie vriend, ons was boesemvriende. Hy verkoop Prudential Lewensversekering, en hy het na my huis toe gekom, en hy het gesê: "Billy, ek wil graag met jou praat oor versekering."

En ek het gesê: "O, ek het ver-. . . versekering." [Eng. "assurance"—Vert.]

En hy het gesê: "Uh, o, verskoon my." Gesê: "Ek het dit nie geweet nie, Billy." Gesê: "Ek het gedink jou vrou het vir my gesê jy het nie enige nie."

"O," ek het gesê: "Ek het."

My vrou het na my gekyk asof: "Wat het met hom gebeur?" En daardie . . . Sy het gesê, na my gekyk, gesê: "Billy."

Ek het gesê: "Wel, sekerlik, skat, ek het versekering." Ek het nie gesê versekering [Eng. "insurance."] nie; ek het gesê versekering. Ek het gesê: "Ek het versekering."

En Wilmer Snyder het vir my gesê; hy het gesê: "Watter versekering het jy, Billy?"

Ek het gesê: "Blye versekering, Jesus is myn; o wat 'n voorsmaak van heerlikheid rein. Ek's 'n erfgenaam van verlossing, gekoop deur God, gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed."

"O," hy het gesê: "Billy, dis baie goed. Ek waardeer dit." Gesê: "Ek het 'n broer wat 'n prediker is, julle weet, Howard."

En ek het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Maar, Billy, dit sal jou nie hierbuite in die begraafplaas sit nie."

100 Ek het gesê: "Ek weet dit, maar dit sal my uitkry. Ek is nie bekommerd om in te kom nie, ek's net . . . " Ek stel glad nie belang om daar in te kom nie. Die ding wat ek wil weet is hoe om uit te kom. Dis reg. Daardie Christus is die enigste Versekering.

101 Ja, meneer, ons betaal soveel aan die ondernemer, laat ons 'n bietjie dink aan die Op-nemer partymaal, wat ons een van hierdie dae sal opneem, die enigste Verplasing, die enigste Een Wat ons uit die graf kan uitbring, die enigste Een Wat ons voor die Vader kan voorstel sonder 'n fout, sonder 'n vlek, sonder 'n rimpel. Halleluja! Sekerlik, Baptiste skree. Ja, meneer.

Enigiemand wat goeie godsdiens het, skree. Het iets om oor te skree.

'n Ou, gekleurde man het altyd met my gepraat onder in die pad. Hy het gesê: "Jy glo in daardie skree-godsdiens, nie waar nie Billy?"

En ek het gesê: "Ja, meneer."

En ek . . . Hy het gesê: "Weet jy wat?" Volgende oggend het hy verbygekom; hy was omtrent negentig jaar oud. Hy het gesê: "Ek wil vir jou iets vertel."

Ek het gesê: "Goed. Wat is dit, Reb?"

102 En hy het gesê: "Wel, ek sê jou." Hy het gesê: "As jy nou 'n ou haan vat, jy kan sy voete vasmaak, hom toespyker in die krat, en enige manier wat jy wil. Maar," gesê: "wanneer dit begin daglig word, sal hy omdraai en kraai."

Ek het gesê: "Dis reg."

Hy het gesê: "Wat laat hom so maak, Billy?"

103 Ek het gesê: "Hy's 'n haan en die dag breek." Dis reg. Dis sy natuur. En wanneer 'n man gebore is uit die Gees van God en hierdie Ewige Lewe in hom het, wanneer die Heilige Gees kom, moet jy uitskree. Iets moet gebeur.

104 Glo dat die goeie, outydse, opregte verlossing bring trane van vreugde en geluk, en die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Want Hy is die Rivier, en Hy's die . . . O, Hy's my Alles. Ek kan Hom net nie genoeg prys en genoeg sê oor Hom van wat Hy vir my beteken nie. Sekerlik, geen wonder ons . . . Dis 'n natuur binne-in jou. Wanneer jy gebore is uit die Gees van God, het jy 'n natuur binne-in jou wat jou laat uitroep.

105 Wel, Jesus het eenkeer vir daardie Fariseërs gesê; het gesê: "Daardie mense" (andersins) "laat rillings langs my rug opkom, maak hulle stil," toe Hy ingery het op die . . . hierdie muiltjie. Hy het gesê . . . "Hoekom maak jy hulle nie stil nie?"

Gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep."

106 Iets moes gebeur. Halleluja! Wanneer ons Hom sien afkom uit die Hemel, aan die ry op daardie wit perd, praat van 'n geraas. O, dan gaan daar iets gebeur wanneer ons al hierdie dinge sien waarvan ons gepraat het wat werklikheid word. Hy is sekerlik die enigste Hoop wat ons het.

107 Nasies verbrokkel, alle nasies faal, elke hulp faal, die wêreld faal, siekte is aan die vermeerder, sonde is oorheersend, maar daar's een ding wat nie kan faal nie; dis Jesus Christus en Sy kosbare Woord. Hy's die enigste Sekuriteit. Hy's die enigste Hoop, die Lewe. Hy's al waarna ons moet kyk, ons enigste Verplasing.

108 Ek sê julle wat julle doen. As julle wil uitvind, begin julle in die oggend. Gaan julle af na hierdie groot stede toe hier, en

gaan na elke apteek toe wat julle kan en koop vir jouself 'n bottel verplasing van een of ander mediese navorsing. Vertel my waar jy 'n bietjie verplasingskrag kan koop. Jy sal na Jesus toe moet kom om dit te koop. Gaan dokter toe en sê vir hom jy wil dat daar volgende week 'n operasie gedoen word op jou. En jy wil alle sonde uit jou uitgesny hê en jou so lig maak dat jy in die verplasing kan ingaan. Kyk 'n bietjie watter taak jy gaan hê. Jesus is die enigste Verplasing. Hy's die enigste Een wat jou uit die graf kan uithaal.

109 "Ek is die Opstanding en die Lewe," het God gesê. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Halleluja! O.

110 "Ek is Hy wat dood was en weer lewe vir altyd. Ek het die sleutels van beide die dood en die hel." Hy's die Fontein van Lewe. O, Hy's die ewige Een, die enigste Fondament, die enigste Weg, die enigste Waarheid, die enigste Lig, die enigste Fondament, die enigste Ewige Geluk, die enigste ware Prestasie, die enigste Verplasing. Hy's alles tesame. Dis reg.

111 In hierdie Bybel, het ons hierdie salige beloftes. Hoe kan ons ooit . . . ? Na wie toe sal ons gaan? Sê vir my watter apteek; sê vir my watter plek; sê vir my by watter losie jy kan aansluit; sê vir my by watter kerk jy kan aansluit; sê vir my van enigiets wat vir jou hierdie dinge sou bring. Na wie sal ons ons dan wend? Na wie toe sal ons gaan?

112 Wat as ons, wat—wat as ons gegaan het, Ewige Lewe wou vind? Nou, ek sê nie moenie na die apteek toe gaan nie; ek sê nie moenie kerk toe gaan nie; daardie dinge is daar vir jou om te doen. Maar wees sekere dat jy kry die . . . jou fondament reg kry. Begin reg, kry eers Jesus. Gaan dan af en sluit by die kerk aan, en gaan af, en word gedoop, en gaan af en sing in die koor. Gaan af, doen wat die Heilige Gees vir jou sê om te doen, maar kom eers op die Fondament. Ja.

113 As jy 'n boompie het wat appelbome het; dit sal appels dra as jy dit net in die regte fondament sit. As jy 'n hart het wat honger na God, jy die krag van God wil sien, jy die vibrasies van Sy Ewige Lewe wil voel, jy wil sien of die Heilige Gees werklik is of nie, plant net jou boompie in Sy regte fondament, en jy sal uitvind iets begin werk. O, hy sal die waters van die Lewe begin trek, en daardie boompie sal begin bloeisels en vrugte dra. Dit sal begin groei (beslis), want jy het dit reg geplant. Jy moet reg begin, die—die herlewing reg kry.

114 Nou daar's baie hierbinne wat die Heilige Gees soek. Die ding wat julle wil doen, is om nie hierdie aand te laat verbygaan totdat julle die Heilige Gees ontvang het nie. As julle Dit nog nie teen daglig het nie, hou net aan deur die daglig. Dan as julle Dit nog nie teen die aand het nie, hou net aan regdeur die nag. En bly net daar totdat julle die Heilige Gees ontvang het.

115 Julle hoef nie nog een minuut te wag nie. Hy's net hier nou, om Dit op julle uit te stort net op hierdie minuut, julle net op te vul met die verkwikkingskrag van Sy Opstandingslewe en vir julle 'n hoop te gee, 'n ewige hoop van daardie opstanding, omdat iets gebeur het.

116 Verskoon my, my gekleurde vriende. 'n Ou, swart suster hier nie lank gelede nie, het 'n getuienis gegee. En hulle het haar gespot, gesê: "O, jy is niks nie."

117 Sy het gesê: "Dit mag waar wees." Gesê: "Daar's een ding wat ek wil sê." Gesê: "Ek—ek—ek is nie wat ek behoort te wees nie, en ek is nie wat ek wil wees nie. Maar daar's een ding wat ek wel weet, ek is nie wat ek was nie." So ek dink dis 'n goeie ding.

118 Ons mag dalk nie wees wat ons behoort te wees nie, ons mag dalk nie wees wat ons wil wees nie, maar daar's een ding wat ons weet; ons is nie wat ons was (reg), nadat ons Christus gevind het, en na die Fondament toe gekom het nie.

"Daar's n Fontein gevul met Bloed, uit Immánuel's aar getrek, waar sondaars gedompel onder die vloed, elk' sondevlek verloor."

119 Dis die hoop van die Ewige Lewe. Dis al God se beloftes reg hier in die Boek. Elkeen van hulle is vir jou. Hierdie is Sy Woord; hierdie is Christus; hierdie is Sy belofte.

120 "Wie ook al wil, laat hom kom, drink uit die waters, fonteine van die lewende waters, vrylik." Jou nie een pennie kos nie, elke prys is klaar betaal. Jy sal niks in die wêreld hê wat jy kan—wat jy kan aanbied as 'n verskoning nie. Jesus het vooruit gegaan as jou sonde-Draer. Hy het jou sondes geneem, Hy het jou . . . al jou ongeregtigheid geneem, Hy het dit op Homself geplaas, Golgota toe gegaan. 'n Onskuldige Man, die Seun van God, soontoe gegaan en ons sonde geneem en is gekruisig. En God het Hom doodgemaak op die kruis as gevolg van jou sondes en my sondes. En hoe gaan jy God antwoord vir die manier waarop jy Hom behandel? Hoe gaan jy Hom antwoord? Wat is jy? Hoe gaan jy rekenskap gee vir jou siel eendag?

121 Sê: "Ek het gegaan en by die kerk aangesluit, maar ek sê jou, ek het geweet daar was 'n weg wat hulle Heiligheid en dinge noem. Maar ek het nie gedink daardie mense tree reg op nie." Kom in en ondersoek 'n rukkie. Stap net in die water in.

122 Toe ek 'n seuntjie was, het ons nie baie klere gehad nie. En ons het altyd mekaar uitgedaag wie die laaste een sou wees om in die watergat in te spring. Ons sou almal uithardloop agter na die ou swemgat toe. Wel, ek kan julle een ding sê, ek was eerste in, want ek het die minste klere gehad om uit te trek. Ek het net 'n oorpak en 'n ou voer-tou daar bo-oor aangehad met 'n—met 'n spyker daarin. Ja, meneer. En ek sou hardloop, ons sou almal hardloop. Elkeen van hulle, hulle moes, skoene en dinge uittrek, en 'n hemp uittrek, en dalk nog 'n onderhemp. Ek hoef nie daarmee te gelol

het nie. Al wat ek gedoen het, was om so vinnig as wat ek kon, te hardloop en daardie spyker te trek, en net in te spring. Dis al, ek was in.

123 En hulle het altyd op my staatgemaak om uit te vind hoe die water was. Wel, as ek een vinger opgehou het, het dit beteken dit was koud: "Moenie inkom nie, kêrels, vat julle tyd,"; net gebewe. Maar as ek twee vingers opgehou het, was die water reg. Man, klere het in elke rigting gevlieg en kinders het ingespring.

124 Ek sê julle vanaand, julle wat nog nooit die Heilige Gees ontvang het nie, ek het twee vingers op. Broer, dis reg, die waters is warm, kom maar in. Sit al die ou eiegeregtigheid opsy, en al die ou gisters, en die ou partytjies, en die ou vriendskappe van, o, lank gelede, sondige lewe, en lê dit op die oewer neer, en spring in daardie Fontein in wat gevul is met Bloed, getrek uit Immánuel's aar. Waar sondaars gedompel onder die vloed, elk' sondevlek verloor. Jy sal dit nooit berou nie. O, al my sondes weg kom was.

Nadat ek deur geloof daardie stroom gesien het
Wat U vloeiende wonde voorsien,
Was verlossingsliefde my tema,
En sal wees totdat ek sterf.
Dan sal ek in 'n edele, soeter lied
U reddingskrag besing,
Wanneer hierdie arme slepende, hakkelende tong
Daar stil lê in die graf.

125 Elke belofte in die Boek is joune. Wie ook al wil, laat hom kom. Kom, almal is genooi. Die belofte kom julle toe en julle kinders . . .? . . . [Leë kol op band—Red.] . . . uitvind dis baie goed. Ja, meneer. Petrus het op die Dag van Pinkster gesê: "Die belofte kom julle toe en julle kinders, en vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Geen Skrif is vir eie uitlegging nie. Dit het beteken wie ook al wil, laat hom kom.

126 Die laaste boek in die Bybel het gesê: "Wie ook al wil, laat hom kom. En hy wat sal wegneem of daarby voeg, sal ook net so uit die Boek van die Lewe weggeneem word vir hom." Ons wil nie enigiets wegneem Daarvan of enigiets Daarby voeg nie, maar almal uitnooi. Wie ook al wil, kan kom.

127 Moenie dat iemand julle vertel dat hierdie beloftes, vir 'n ander eeu is nie. Hierdie belofte is vir nou. Hierdie belofte is nou geldig. Dis vir wie ook al wil. Miskien weet jy nie, jy—jy het dit nog nie probeer nie. Jy was so naby daaraan en het nie geweet wat dit was nie. Jy kan naby wees op daardie manier.

128 Nou, aan hierdie mense by Jeffersonville, ek gaan vir julle 'n uitnodiging gee, veral vir julle. Die Heilige Gees gesoek daaronder vir 'n hele rukkie al. Ons het 'n vrou gebring, 'n seun in die pad af, 'n paar mense gedoop gisteraand in my kerk. Afgekom na die doopbad toe en wou dit gebruik. Een van my

seuns wat uitgegaan het en ’n tabernakel gevestig het, ek reken Broer Ruddell mag dalk hier wees vanaand; hy het gisteraand negentien afgebring om gedoop te word. En wanneer hierdie mense nooit enigiets van die Heilige Gees gehoor het nie, ek Saterdagaand gepreek het en hulle het na die altaar toe gekom en is gered.

129 En gisteraand toe hulle die gordyne toegetrek het, en hulle ’n vrou daar ingebring het, en sodra hulle haar gedoop het, het sy uit daardie water uitgekom en in tale gepraat net so vinnig as wat sy kon. O, julle moes dit gehoor het. Almal het soontoe gehardloop en daardie mense van daarbo het gesê: “Wat beteken dit?”

130 Ek het gesê: “As hierdie nie dit is nie, sal ek net hierdie hou tot dit kom.” Ons wil. . . Hierdie is dit waarvan die profeet Joël gepraat het: “Dit sal gebeur in die laaste dae sê God. Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en julle dogters sal profeteer, en op My diensmaagde en diensmeisie sal Ek van My Gees uitstort. En Ek sal tekens bo in die hemele toon en onder op die aarde.”

131 God roep, God beweeg. Ons is aan die einde van die pad; ons is aan die einde van tyd. Tyd is aan die einde. Ek kan dit vir jou bewys, broer. Daardie. . . Wanneer dit gaan wees, weet ek nie. Maar dit mag nog voor die oggend wees; dit mag nog binne die volgende uur wees; dit mag nog binne die volgende vyf minute wees. Wat dit ook al is, dis baie naby. Daar moet niks anders gebeur behalwe die koms van die Here Jesus nie. Die kerk vergader hulleself, kry hulleself bymekaar, skud hulleself. Het julle al ooit so ’n roering onder die mense gesien? Sekerlik, iets maak gereed om te gebeur; die koms van die Here. Die hele aarde wag vir die manifestasies van die seuns van God, die natuur daarbuite waaroor die mens die heerskappy gegee is.

132 Toe God die mens gemaak het, toe Hy hom die eerste keer gemaak het, is Hy El, Elah, Elohim genoem, wat die selfbestaande Een beteken. Maar toe Hy Jehova genoem is in die volgende hoofstuk, geweet het Hy het iets gemaak, die mens gegee het, wat ’n heerskappy oor die aarde gehad het; hy was god; hy was ’n god van die aarde, die man was.

133 Jesus het gesê: “Het hulle nie genoem. . .? Hoekom veroordeel julle My? Hulle het diegene, na wie die Woord gekom het, in julle eie wet, na wie die Woord gekom het, ‘gode’ genoem.” Hy het gesê: “As Ek Myself die Seun van God noem, en hulle die gode is, soos wat julle sê, na wie die Woord gekom het, die profete, hoe kan julle My dan veroordeel deur te sê Ek is die Seun van God?” Sekerlik.

134 Die hele wêreld wag vir die koms van die Here Jesus, wanneer mense weer die heerskappy van die aarde hier sal oorneem, en alle bome en al die res sal lewe, en alle dierelewe en al die res, in

afwagting van die manifestasie van die seuns van God. O, broer, hierdie . . .

135 Hulle sê lewe begin by veertig. Dis 'n leuen. Lewe begin by die altaar. Dis waar lewe begin, Ewige Lewe, wanneer jy na daardie Jesus Christus toe kom. Elke belofte is joune; dis alles joune. Dis vir jou. Miskien het jy dit nog nooit deursoek nie. Miskien het jy nog nie afgekyk om uit te vind waar die belofte vir jou is nie. Jy kan nie kom en die Heilige Gees ontvang as jy nie regtig glo jy gaan dit kry nie. Wel, God is angstiger dat jy dit kry as wat jy is om dit te ontvang, angstiger; Hy wil hê jy moet dit kry. Dis joune, dis jou persoonlike eiendom.

136 Hy het Jesus gestuur om te sterf, dat Hy jou na Homself toe kan bring, sodat Hy—Hy iets kan hê om Hom te aanbid. Toe Hy El, Elah, Elohim was, was Hy by Homself. Maar binne-in Hom was eienskappe. Daardie eienskappe was om 'n Vader te wees, was om God te wees, was om aanbid te word, was om 'n Geneser te wees, was om 'n Verlosser, en al hierdie dinge te wees. Jou, jou lewe vertoon daardie eienskappe. Sodra jy na Hom toe kom, word jy Sy seun; jy aanbid Hom. Dis wat Hy regtig moes wees, wat Hy jou gemaak het om te doen. Jou doel hier is om vir God te aanbid, en jy kan Hom nie reg aanbid tot jy Hom in Gees en in Waarheid aanbid nie: Johannes 4. Dis wat Jesus vir die vrou gesê het: "Die Vader soek na diegene wat Hom sal aanbid in Gees en in Waarheid."

137 Kry, eerste, die Waarheid, fundamenteel reg. Jesus Christus is die enigste Weg om te kom, nie deur hande te skud, by die kerk aan te sluit nie; dis goed. Hand skud, sekerlik; by die kerk aansluit, sekerlik. Maar dis nie dit nie. Kom eers na die Fondament toe; lê jouself neer op Hom. En dan, nadat jy Hom ontvang het, skud dan die pastoor se hande en sluit by die kerk aan. Dis reg. Na jy hierdie dinge gedoen het, maar begin eers reg. Kom op die regte pad.

138 Soos Dawid met sy slingervel, hy moes eers daardie klip op die regte pad kry. Sien, jy moet korrel; jy moet ingestel word. En as jy wil instel, stel dit in op Christus Jesus. Want Hy's die Weg, die Waarheid, die Lig, die Fondament. Dit is alles vir jou.

139 Hier 'n tyd gelede het 'n vrou hier in die Verenigde State, die arme ou ding was so armlastig. Hulle het gewonder wat hulle vir haar sou doen, en uiteindelik het hulle die welsyn soontoe gestuur om te kyk wat hulle vir haar kon doen. En toe hulle by haar gekom het, het hulle ondersoek ingestel en uitgevind dat sy baie arm was, en niks gehad het om te eet nie, en al haar meubels verkoop het. En sy was in 'n verskriklike toestand.

En hulle het gesê: "Het jy nie enige kinders nie?"

Sy het gesê: "Ja, meneer, ek het een seun."

Wel, gesê: "Waar is daardie seun?"

Gesê: "Hy is in Indië." En gesê: "Hy's 'n sakeman oorkant in Indië."

Wel, gesê: "Hoekom kan hy nie vir jou sorg nie."

140 "O," sy't gesê: "Ek sal julle sê." (Julle weet hoe moeders is.) Gesê: "Hy's so 'n dierbare seun." Gesê: "Hy skryf vir my die mooiste briewe wat jy al ooit gelees het." En gesê: "En hy—hy—hy skryf vir my sulke mooi briewe, ek kan nie vir hom vir enige hulp vra nie." Gesê: "Ek kan dit net nie doen nie. Hy vertel vir my: 'Dierbare Moeder, hoe gaan dit met jou?' en sulke dinge." Gesê: "Ek—ek haat dit net om vir hom te vertel. En—en so hy . . . Ek weet hy sal enigiets doen om my te help." En gesê: "Dan stuur hy vir my van die mooiste prentjies wat ek al ooit gesien het."

En gesê: "Vir jou wat gestuur? Prentjies?"

Gesê: "Ja."

Gesê: "Watter soort prentjies?"

Gesê: "Wag 'n bietjie daar, ek sal vir julle sê. Ek het hulle in my Bybel. Ek het hulle nou al vir twee of drie jaar bewaar."

141 En sy het teruggegaan in die Bybel en hulle begin uithaal. Weet julle wat was dit? Sy was tiene van duisende dollar werd. Dit is Indië geldwissels met prentjies daarop. Sy het nie geweet waaroor dit alles gegaan het nie. Maar sy het hulle in haar Bybel gekry. Sy was ryk en het dit nie geweet nie, dood van die honger, dood van hongersnood, en—en afhanklik van die welsyn, omdat sy nie geweet het wat sy gehad het nie.

142 En somtyds mag dit so wees met baie mense vanaand. Julle besef nie die onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid nie. Julle ken nie die krag, die Ewige Lewe nie. Julle weet nie hoe ryk julle is, tot julle hierin gaan kyk en uitvind dat daardie beloftes, wat vir daardie apostels gegee is, gegee is vir wie ook al wil, laat hom kom, nie. Dit is reg. Dis alles gratis vir julle.

143 Wil jy dit graag ontvang? Wil jy graag gevul word met die Heilige Gees, gered word, jou sonde onder die Bloed, gevul met die Heilige Gees, gedoop word in die Gees, en 'n verplasingskrag in jou hart, en opgaan om Hom in die lug te ontmoet, uit hierdie gebou uitgaan vanaand met daardie blye versekering? As 'n kar jou omry, watter verskil maak dit? Goeiste, verander net hierdie ou huis in 'n splinternuwe een. Dis al. Dis om te beweeg van 'n ou, stukkende man of vrou na 'n jonge wat—wat nooit sal sterf nie.

144 Dis om na 'n plek toe te gaan waar daar geen gister, en geen môre is nie; dis alles vandag. Jy's daar saam met Iemand wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, die EK IS, die Ewige. En jy is ewig saam met Hom. En daar is jy, om nooit oud te wees nie, nooit siek te wees nie, om nooit hartseer te wees nie, nooit enige teleurstellings te hê nie. Daar het julle dit. Dis net hierdie verruil vir daardie.

145 Nou, luister, my vriend. As jy sterf sonder die Gees van die Lewe in jou, kan jy nie na daardie plek toe gaan nie. Luister, soos ek aan die begin gesê het, die dood verander nie jou gees nie. Dit verander net jou woonplek.

146 Ek het 'n paar aande gelede daaroor geleer. En ek het by hierdie onderwerp gekom waar Saul, toe hy afvallig geword het van God; en die Urim Thummim hom nie wou antwoord nie, 'n profeet wou ook nie profeteer en hom te kan antwoord nie. Hy kon nie eens 'n droom van die Here af kry nie. En hy het afgegaan en het die heks van Endor die gees van Samuel laat oproep. En Samuel was al negentien jaar dood; ek het dit pas opgesoek, seker te maak. Hy was al vir negentien jaar dood. En toe die heks van Endor die gees van Samuel opgeroep het, het hy nie sy voorkoms verander nie. Hy het steeds daar gestaan, maer met 'n mantel oor sy skouer. Nie net dit nie, hy het glad nie sy lewe enigsins verander nie; hy was steeds dieselfde Samuel en was steeds 'n profeet.

O, julle sê: "Nou, dis soort van duister. Dit—dit—dit was die heks van Endor."

147 Wel, die Bybel het gesê dit was Samuel. Wat van die Berg van Verheerliking toe Moses dood was vir agthonderd jaar in 'n ongemerkte graf? Wat daarvan? Wat van Elía wat huis toe gegaan het in 'n strydwa omtrent vyfhonderd jaar vantevore? En hulle het so werklik daar gestaan dat hulle hulle herken het. En hulle het 'n menslike liggaam gehad en het met die Seun van God gepraat. Halleluja! God seën jou hart, broer.

148 Laat ek vir julle vertel, jy moet lewe hê om soontoe te gaan. Sonder lewe kan jy nie opstaan nie. Vat 'n saad en sit dit in die grond en laat 'n klein goggatjie in daardie saad ingaan en die kiem in daardie saad doodmaak, dit sal nooit opkom nie. Dis presies reg. Maar as jy daardie gogga daaruit kan hou, dit het 'n hart; dit het iets daar binne-in; dit sal opkom net so seker as wat die atmosfeer dit omring.

149 En dit is so vanaand. As jy die geringste begeerte in jou hart het om God te ontvang, om die Heilige Gees te ontvang, laat, kom in die regte atmosfeer, met die regte gesindheid voor God, en die lewe sal verseker in jou inkom. En jy sal begin opstaan in verplasing. O, ek weet wat ons hier ontvang is net 'n skaduwee van die skaduwees van die skaduwees. Maar wanneer jy sterf, word die skaduwee 'n skaduwee, die skaduwee na die skaduwee, na die wasem, na die vog, na die stroom, na die meer, na die . . . O, goeiste, dit gaan reg in 'n Ewige Teenwoordigheid in. Dan is jy daar vir ewig.

150 Kan jy so 'n geleentheid soos dit weier? Watter prestasie kan jy behaal, enige groter ondersoek, belegging kan jy maak, as om Jesus Christus as jou Verlosser te bereik? Kan jy iets groter doen as om vanaand die Heilige Gees, die einste Gees, waarmee Hy

Self gedoop is, te ontvang, om op jou te wees? Dieselfde Gees wat Hom opgewek het op die derde dag, het belowe om jou op te wek op die laaste dag. Amen.

O, is Hy nie wonderlik nie? Kom ons buig nou ons hoofde vir 'n woord van gebed. As die pianiste, wie jy ook al is, sal . . .

151 Hoeveel hierbinne vanaand wat Hom nie ken as 'n Verlosser nie sê: "Broer Branham, ek het my huis gebou op, net soos Mexiko het met hulle stad, of daardie kontrakteur in New York wat daardie gebou gebou het." Dit was net vir een doel; hy het boop dit geklim en uitgespring toe hy uitgevind het hy het alles verloor wat hy gehad het, omdat hy nie op die soliede fondament was nie. Wat sal dit wees in jou dood wanneer jy uitvind jy het net by 'n kerk aangesluit, wat jy jou naam iewers op 'n boek geplaas het? Jy het gedink jy's reg, maar steeds saamgelewe met daardie humeur en sonde. Die dinge van die wêreld, jy's steeds lief daarvoor.

152 As jy die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie. Waarom—waarom 'n kans vat daarmee, vriend? Kom ons handel dit vanaand af. Ek wil hê elke sondaar hierbinne moet hiernatoe kom en 'n oomblik hier staan vir 'n woord van gebed voordat ons verder gaan in die diens. Sal julle kom? Laat elke sondaar wat in die gebou is, terwyl ons bid, Christene bid.

153 Sondaarvriend, kom net 'n oomblik hier. Kom hier, doen net soveel. Wys dat jy—jy in God glo. Glo dat jy dit wil doen, jy daarop gebou wil word, jy reg wil begin. Kom net hiernatoe en skud my hand. Kom net hier. God seën julle, dames. Iemand anders kom nou. Komaan, elke sondaar, ek wil hê jy moet net net vir 'n oomblik hiernatoe kom. Ek wil net hier by die altaar met jou praat. Aan die buitekant, waar julle ook al is, kom net. God seën julle.

154 [Broer Branham praat met mense by die altaar—Red.] Susters, julle mag al baie stories in julle lewe gelees het. Hierdie is die grootste ding wat julle al ooit . . .?. . .Julle mag baie groot dinge in julle lewe gedoen het . . .?. . .

155 Kom nou. Soos ek vir hierdie vroue gesê het, hierdie vier vroue: "Daar mag baie groot dinge gewees het wat hulle al in die lewe gedoen het. Hierdie was die grootste ding wat hulle nog ooit gedoen het." Julle het nou reg begin. Een keer in die lewe wys julle in die regte rigting. Julle mag—mag baie ander dinge gedoen het wat goed was, en lojaal, en alles, maar dit sal nie hou nie. Eendag, sal dit weggaan. Julle sal uit die mense se geheue uit verdwyn. Maar nou, julle kom nou, omdat julle glo. En julle kom om op die Rots, Christus, te staan. Hierdie is die grootste ding wat julle nog ooit gedoen het, die grootste prestasie wat julle nog ooit behaal het, toe julle gekom het om Jesus te aanvaar.

156 Laat elke ander sondaar kom, sal julle? Kom staan net 'n oomblik hier, ons wil net 'n woord van gebed saam hê. Ek wil net saam met jou kom bid. Sal jy kom? Jonk of oud, kom reguit vorentoe. God seën julle. Iemand anders? Staan net op en kom. Kom, jong dame. Dis reg. Kom net hier, dit sal glad nie seermaak nie. Kom julle hiernatoe en julle gaan beslis nie iets verkeerd doen nie. Dis reg. God seën jou, my broer.

157 [Broer Branham praat met mense by die altaar—Red.] Mag baie dinge gewees het wat jy al gedoen het. . . ?. . . My broer, daar mag baie dinge gewees het. . . ?. . . Hierdie is jou grootste oomblik. . . ?. . . staan hier. . . ?. . . vir gebed. Jong dame, jy het sonder twyfel al groot dinge in jou lewe gedoen. . . ?. . . God seën jou.

Komaan, sondaarvriend. Terwyl ons net 'n oomblik wag, laat ons nou saggies sing: *Daar Is 'n Fontein Gevul Met Bloed*. Goed.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed
Getrek uit Immánuel's aar,
En sondaars gedompel onder die vloed,

Kom na die enigste blywende ding toe wat daar is, Jesus Christus.

Sondevlek,

158 Sal jy nie nou kom terwyl die fontein oop is, terwyl jy die geleentheid het, kom nie? Kom na die enigste groot prestasie wat jy in jou lewe kan behaal. Kom na die Weg, die Waarheid, die Lig. Waarnatoe kan jy daarvoor gaan? Nêrens anders nie. Gaan nou na Christus toe.

. . . Sondevlek;
En sondaars gedompel onder daardie vloed,
Verloor elk' sondevlek.

159 Ek wonder terwyl ons nou stil bly vir 'n oomblik: Hoeveel hierbinne het nie die Heilige Gees ontvang nie, en jy wil dit ontvang? Jy is ernstig met God. Sê julle: "Here, ek het gekom na die Weg, ek het U aanvaar as my Verlosser. Maar ek wil die doop van die Heilige Gees hê. En ek weet dat dit daardie verplasingslewe in my verg."

160 "As iemand nie weer gebore word uit hierdie water en gees nie, kan hy op geen manier ingaan nie." Nou, daar's baie water hierbuite op die oewer, reg hier langs die oewer, van die rivier. En daar's baie predikers. Nou, ons wil die doop van die Heilige Gees hê, om weer gebore te word. . . Kom, nou, terwyl ons hierdie volgende vers sing. Almal wat die doop van die Heilige Gees wil hê, sal julle nie kom en net 'n oomblik net hier by my staan saam met hierdie berouvolle mense nie. Ek wil hê julle moet kom staan vir die doop van die Heilige Gees.

Die sterwende dief was bly om te sien
Die Fontein daar in sy dag;
En daar kan ek, tog sleg soos hy,
Al my sonde weg kom was.
Al my sonde weg kom was,
Al my sonde weg kom was;
En daar . . . ? . . . gedompel onder daardie vloed,
Al my sonde was . . .

161 Ons wil wag om seker te maak dat elke soeker kom. Ek het, vanaand, 'n lieflike, broertjie, wat voor my staan, 'n Metodiste prediker wat hier opkom saam met my om die doop van die Heilige Gees te ontvang. Broer Collins, wil graag hê jy moet dit vanaand kry. Hierdie is die uur. Amen.

162 Sy broer is een van die uitstaande Metodiste op die veld vandag. Ek wil hê hy moet die Heilige Gees ontvang, sodat hy vir sy broer kan gaan vertel watter vreugde dit is, hoe verskillend dit is na jy wedergebore is. Ek glo dis vanaand, Broer Collins; hierdie is die uur; hierdie is die tyd.

163 Is daar nog enige? Nou, as jy die Heilige Gees wil hê, is hierdie die tyd om te begin. Moenie dat dit oor jou kop gaan nie, kom net ondertoe. Dis eenvoudige, eenvoudige klein lering soos daardie; julle weet wat dit beteken. Kom nou vorentoe. Hierdie is die plek, die fondament, die weg, die waarheid, die lig, die enigste prestasie, die enigste geluk. Jy het nog nooit geluk geken tot jy hierdie kry nie. Hierdie is dit.

164 Hierdie sondaarmense staan nou hier om, bely hulle sondes; hulle gaan ook in. Ek wil hê hulle, ingaan saam met hulle, om die Heilige Gees te ontvang. Hulle is nog nie gedoop nie. Daar's 'n klomp predikers hierrond, baie water. So ons sal toesien dat alles net so behoorlik gedoen word as wat ons weet om dit te bedien in Christenwerke, soos ons kan. Dan kies jy die kerk van jou keuse. Gaan iewers heen waar hulle die Evangelie verkondig en die Woord van God glo, glo in die koms van Christus. Dis jou keuse.

165 O, goeiste, hierdie is wat . . . Binne 'n paar aande, wil ek vir julle vertel wat met my gebeur het. Dan sal julle besef waarom ek hierdie doen. Toe ek 'n vrou gesien het wat haar arms om my gegooi het, sy't omtrent so agtien gelyk. Ek het weer afgekyk na waar my liggaam was. Ek het hier opgekyk en na haar gekyk en sy het my haar broer genoem. Ek het gesê: "Ek begryp dit nie."

166 Gesê: "Sy was oor die negentig toe sy, jy haar na Christus toe gelei het." Oor die negentig en daar was sy weer jonk vir altyd. Geen wonder sy het gesê: "My dierbare broer," nie. Dit het in my hart gebrand.

167 Julle staan vanaand, vriende, en uitreik na die Gees van God. Dis binne julle almal se bereik. Ek sê julle wat ons gaan doen. Ons gaan 'n gemeente gebed doen net hier vir julle. Dan

gaan ons oorkant in hierdie kamertjie in waar die broers gereed gemaak het, net daar om. Ons kom daar in, hele groepe van ons, en ons gaan bid totdat julle die Heilige Gees ontvang. Dis al. Dis waarvoor ons hier is. Is dit reg, broers? Dis waarvoor die diens hier is.

168 Goed, laat ons nou ons hoofde buig. Nou, aan julle met die Heilige Gees, julle wat die Heilige Gees wil hê, hou dit nou net op julle gedagte. Ek gaan vir diegene bid wat opgekom het, wat nie Christene was nie en Christus as hulle Verlosser wil aanvaar. Ek wil net eers vir net 'n oomblik met hulle praat.

169 Jesus het in die Woord gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie." Johannes 5:24. "Niemand kan kom as . . . Hy wat My woorde hoor," (bedoel ek), "in Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe. Ek sal hom oprig in die laaste dae. Niemand kan na My toe kom as die Vader hom nie trek nie."

170 Iets het aan jou hart geklop. Jy het opgestaan en op jou voete gestaan, hier afgestap in die paadjie. Iets het jou getrek. Laat ek nou vir jou gee wat die Skrif sê: "Almal wat Hy vooraf geken het, het Hy geroep." Dit was God wat jou geroep het. "Diegene wat Hy geroep het, het Hy geregverdig. En hulle wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik."

171 Nou, jy is in die stadium van verheerliking die oomblik wat jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar. Gaan dan in die kamer daar in waar hulle die Heilige Gees wil hê, en God sal die Heilige Gees oor jou uitstort. En dan sal jy gevul wees met die Gees. Dit sal jou krag gee om te lewe, lewe as Christene tot die tyd van die herstel van alle dinge wanneer Jesus kom. Dan sal jy opgeneem word na die Heerlikheid saam met Hom vir daardie drie-en-'n-half jaar, en dan terugkeer na die aarde vir 'n Millennium en dan saam met Hom lewe vir ewig.

172 Nou, laat ons bid vir hierdie mense. En julle nou wat gaan om te ont- . . . die Heilige Gees wil ontvang, onthou: "Salig is julle wat honger en dors na geregtigheid, want julle sal gevul word."

173 Nou, moenie ingaan net om te sê: "Wel, ek sal—ek sal dit weer gaan probeer," nie. Hierdie is konvensie. Ons het nog ses aande hier. Hierdie is die uur om Dit te ontvang. Gaan daar in en bly daar totdat jy die Heilige Gees ontvang het. Is julle ernstig met God, julle wat die Heilige Gees wil ontvang vanaand? Steek jou hand op as jy net nou gereed is om te sterf, die Heilige Gees te ontvang. Dis reg.

174 Glo julle vroue wat 'n paar minute gelede hier gestaan het saam met hierdie seuntjie, en julle glo dat Jesus Christus die Seun van God is, en julle wil Hom aanvaar as julle Verlosser, julle glo Hy het julle na hierdie altaar toe geroep vanaand? Steek julle hande op as julle glo dit was Jesus Christus wat julle geroep het. Steek op die . . . God seën julle. Dis reg.

"Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor die Vader en die heilige Engele."

175 Nou, gaan ons 'n gemeente gebed doen terwyl die mense wag. Dan gaan ons alleen hier agter in 'n kamer ingaan, waar ons alleen kan wees om te bid. Kom ons buig ons hoofde, oral nou, en elke Christen. Hierdie is mense saam met wie julle ewigheid gaan deurbring.

176 Ek glo dat baie van julle my goed genoeg ken om te weet dat, as ek 'n fanatikus is, weet ek dit nie. Iets het nou die oggend gebeur. Ek sal julle later in die week daarvan vertel. Ek kan nooit weer dieselfde voel nie. En ek—ek weet wat visioene is. Dit het duisende kere gebeur. Hierdie was nie 'n visioen nie. Ek het iewers heen gegaan. En van toe af, het my hart gebrand om mense by Christus te kry. O, hoekom elke—elke beweging wat ek wil maak, is om mense by Christus te kry.

Ek wil hê elkeen van julle Christene moet vir hierdie mense bid, elkeen van julle, terwyl ek bid.

177 Hemelse Vader, die eerste wat ons na U toe bring, is hierdie vroue en hierdie seuntjie vanaand. Hulle het hier opgestap na hierdie altaar. Sover ek weet, miskien die enigstes op hierdie gronde wat nie vanaand gered is nie. Ek vertrou, as daar nog enige is, dat hulle ook sal kom. Maar hulle het openlik na vore gekom. Hulle wil die Ewige Lewe hê. En U het gesê: "Hy wat in die Seun glo, het die Ewige Lewe." En nou, het hulle gekom om die geloof wat hulle het, te bely, dat hulle U aanvaar as hulle persoonlike Verlosser en glo dat U vir hulle die Ewige Lewe sal gee.

178 Vader God, ek bid dat U vir elkeen van hulle die vergifnis van sondes sal gee vanaand. Mag dit weggewas word in die bande van Golgota. Mag hulle vergewe word van elke sonde. Mag hulle vrede soos die rivier hê. Mag hulle vrede hê wat net Christus kan gee. Mag hierdie vroue huis toe gaan na hulle mans en na hulle kinders toe, hierdie seuntjie na sy pappa en mamma toe, as 'n nuwe skepsel, 'n nuwe persoon, huis toe gaan om te lewe, om te getuig in die woonbuurt, om instrumente te wees om ander na U toe te bring. Want ons besef dat ons aan die eindtyd is en U U laaste oproep maak oor die nasie.

179 Ek bid, Vader, dat U hulle hierdie seëninge sal gee. En nou, soos hulle saam met hierdie ander gaan, mag ons gebede saam wees dat elkeen van diegene wat nou die Heilige Gees gaan ontvang. God, party van hierdie hier, hierdie Broer Collins, wat ek persoonlik ken, wat honger en dors. Sy vroutjie daaragter wat uitroep en smeek tot God, net 'n paar dae gelede die Heilige Gees ontvang het, en sy wil hê haar dierbare man moet die Heilige Gees ontvang. Nou, Vader, vul hom vanaand. O, God mag hy daardie land aan die brand steek met die Evangelie.

180 Ander staan hier, jong mans, ou mans, middeljariges, jong vroue, en almal. God, mag daar predikers opstaan, en evangeliste, en sendelinge, en—en verskillende werkers uit hierdie groep vanaand, Vader. Vul hulle met die Heilige Gees, Here.

181 "O, die belofte kom julle toe en julle kinders. Aan hulle wat daar ver is, die wat die Here, onse God, sal roep." U het dit belowe, Here. En hulle is hier om dit te ontvang. En, Here, hoor my gebed. Mag daar nie een uit daardie kamer uitkom sonder om die Heilige Gees te ontvang nie. Skenk dit, Here. Mag dit net oral oor hulle val. En mag daar 'n—'n diens hier wees wat dwarsdeur die nag en dag sal gaan, net uitstorting van U Gees. Skenk dit, Here. Hoor die gebed van U dienskneg.

U het gesê: "Sê vir hierdie berg, hef jou op, en moenie twyfel nie. Maar glo dat wat julle gesê het, sal gebeur. Julle kan kry wat julle gesê het."

182 Here, ek bid dat elke hart wat vanaand in die toestand is, die Heilige Gees sal ontvang, wat in daardie kamer ingaan. Hoor dit, Here, bid ek. In Jesus' Naam. Amen.

183 Nou, die predikers hier sal julle lei. Is daar iemand daar? Is julle . . .? Wat? Hierdie man net hier, hierdie kêrel net hier, beweeg nou net reguit hiernatoe na die kamer toe terwyl ek met die res van die gemeente werk net vir 'n paar minute. Party van die predikers hier wat daar wil ingaan, daar's mense daarbinne wat instruksies gee. Nou, gaan almal reguit in nou om die Heilige Gees te ontvang.

184 En ek wil hê julle hier, julle Christendames hier, wat vir Christus pas ontvang het, net hier, wil julle nie nou ingaan saam met hulle nie? Gaan daar in. Glo vir Broer Branham hierdie een keer, as 'n dienskneg van God.

185 Gaan julle daar in en sê: "Here, gee vir my daardie Ewige Lewe waarvan hy praat." Julle sal dit ontvang. Almal sal vir julle wag; julle geliefdes sal wag. Gaan in, liewe seuntjie. Ek bid dat God 'n prediker van jou sal maak, skat, wat siele sal red in die dae wat sal kom. Dis reg. O, goeiste . . .

Jesus roep, Hy roep teer vandag.
Jesus roep, roep vandag,
Roep vandag, roep vandag . . .

186 Is daar enige van die res van julle wat hulle wil volg? Gaan reguit in as gelowiges, nou reguit in om die Heilige Gees te ontvang. Sal julle nie saam met hulle gaan nie? Julle word uitgenooi.

Roep vandag, o, roep vandag,
Jesus roep, Hy's . . .?. . .

187 O, voel julle baie goed? Skuur die Evangelie julle nie net uit nie? en julle voel dat julle net verfrissings uit die Teenwoordigheid van God is nie. Voel julle nie goed nie?

188 Nou, hoeveel daarbuite wat siek en beproef is, wil hê God moet hulle genees? Laat ons julle hande sien. O, kyk net na die hande. 'n Broer en suster wat hier sit. Is julle Christene, albei van julle, in hierdie rolstoele? Drie van julle, wel, twee van julle daar . . .

189 O, ek wil julle vertel van ietsie wat gebeur het eergister omtrent drie dag . . . vier dae gelede nou. Ek wil hierdie sê terwyl hulle is . . . (Is hulle nou daaragter in? Is die plekaanwysers daarbinne? Is hulle?) Alles voor gesorg, goed. Nou, hulle is daaragter in om die Heilige Gees te ontvang.

190 Die predikers word nou uitgenooi, as hulle sal, om agtertoe te gaan saam met hulle, sodat hulle op die regte manier geleer kan word. Julle predikers nou, wat die roeping van God het en mense korrek deurgebring wil sien word na die doop van die Heilige Gees toe, versoek ons vriendelik julle samewerking op hierdie tyd. En dan, nooi hulle uit na julle kerk toe. Neem hulle soontoe en doop hulle in julle doopbad en—en neem hulle in die kerk in. Julle sien? Ons . . . hulle is julle s'n. Julle word nou agter in die kamer benodig, elke Evangelie prediker hier. Goed.

Nou terwyl ons gaan bid vir die siekes net vir 'n paar minute.

191 Mnr. Wood het nou die dag my stoep geverf. En hy . . . Ek het die deur gesluit en by die voordeur uitgekom en dit toegetrek toe ek uitgegaan het op 'n siekebesoek. Toe ek teruggekom het, was my deur gesluit en kon ek nie inkom nie. Ek het my familie in die kar gehad. Wel, daar was net een ding om te doen, is uit te gaan en die hamer te kry en die venster uit te breek en in te gaan. So ek het uitgegaan en die venster uitgebreek. En toe ek dit met 'n hamer geslaan het, het dit net stukkies glas oral gespat. Wel, my jong dogter, Rebekah, hulle . . . sy gaan en vee dit alles op, stukkies stukkende glas.

192 En sy het in die kombuis gesit die volgende oggend toe sy die skottelgoed gewas het. Sy het met haar suster, Sarah, gepraat, en sy het 'n glas gebreek, en sy het dit in die kartondoos gegooi en klomp goed daar bo-op. En voor jy jou kom kry, het 'n hondjie verbygekom en in die vullisdrom ingekom, en daardie glas saam met daardie kos geëet. Die arme kêreltjie het op die wal gelê, net stuiptrekkings gekry en omgerol. En o, ek het nog nooit 'n hond so sien ly nie. En ek kon niemand kry aan wie hy behoort het nie.

En Mnr. May langsaan het gesê: "Billy, ek reken die beste ding wat ons kan doen is om hom te vat en hom te skiet."

"O," ek het gesê: "ons wil nie iemand se hond skiet nie. Sien? Dit lyk soos 'n goeie hond." Ek het gesê: "Ek sou nie dit doen nie."

193 En hy het omtrent vier of vyf dae daar rondgelê en bloei en o, net in 'n vreeslike toestand. Die outjie kon nie meer opstaan nie, hy het net gegaan . . . Ek het nog nooit 'n hond so siek gesien nie, net gespring, so geruk.

194 En—en ek het gesê: "O, sal jy hom nie na 'n veearts toe uitvat nie." Gesê: "'n Veearts sal hom uitsit." So ek het gesê: "Wel, dis nie nodig om hom na 'n veearts toe te vat nie."

En ek en klein Joseph het daar uitgeloop op die werf en vir hom 'n bietjie bees-aftreksel en goed gevat. Die ou kêreltjie kon dit nie eet nie, hy was te siek.

Nou hierdie is waar, vriende. Ek's julle broer. Joseph het na my gekyk asof om te sê: "Pappa, kan jy hom help?"

Ek het gesê: "Joseph, hou Pappa se hand vas. Ek gaan my hand op die ou hondjie lê."

195 God is my Regter. Neergekniel en vir daardie hondjie gebid. Hy het opgestaan en sy aandete geëet en aangegaan deur die veld net so gelukkig as wat hy kon wees.

196 Nou, dit is waar. Dit was nie omtrent vyftien voet van waar die ou moeder buidelrot genees is nie. Dis reg, julle het daardie storie al gehoor. Omtrent vyftien voet . . .

197 As God 'n gebed sou verhoor vir 'n hond, hoeveel te meer sal Hy dit verhoor vir 'n mens, Sy kind, wat gewas is in die Bloed van die Lam?

198 Broer Kidd wat daar sit, wel, julle ken hom. Julle kan sy dokter vra. Hy het net omtrent drie dae gehad om te lewe. Billy het vanaand gesê, hy het hom net op die rug geslaan en gesê: "Man, ek voel goed." Dis wonderlik.

199 God verhoor gebed. Glo julle dit? Hoeveel van julle mense hierbinne is gelowiges in God se genesingskrag? Laat ons julle hande sien. Goed, kyk.

200 Julle weet, ek het nou die dag 'n geldwissel gekry. Dit is uit die Hemel gestuur na my toe. O, hier is dit, Markus die 16de hoofstuk. "Gaan julle in die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan elke skepsel." Die hele wêreld, hoe lank, hoe lank hou dit? Aan elke skepsel. Hoe lank sal dit wees tot elke skepsel dit gehoor het? Nie net in die apostels se eeu nie, elke eeu. Aan die hele wêreld en aan elke skepsel . . .

201 "Hy wat glo en gedoop word sal gered word, en hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat, slange opneem of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie skaad nie. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

202 Glo julle dit? Ons is ryk en weet dit nie. Hoeveel gelowiges is hier? Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Lê dan

julle hande op mekaar, dis al. Lê julle hande op mekaar. Ons is nie Goddelike genesers nie; ons is gelowiges. Amen. Christus is die Geneser. Die werk is alreeds gedoen. Ons moet net hande op mekaar lê. Glo julle dit?

203 Lê julle hande op iemand langs jou. Nou, kom ons bid. Bid vir die persoon langs jou. Moenie vir jouself bid nie, bid vir die persoon langs jou. Dis reg. Daar het julle dit.

204 Hemelse Vader, in die Naam van Jesus, die Seun van God, die Weg, die Waarheid, die Lig, wat hierdie belofte gemaak het wat nie kan faal nie, in die lig van Sy Evangelie, bestraf ons alle siekte, elke duiwel, elke mag van die duiwel, breek elke band. Kom uit, Satan. Jy word beveel deur Jesus Christus, in die Naam van die Heilige Seun van God, om hierdie gehoor te verlaat. Kom uit hulle uit, Satan, en laat daardie mense gaan, dat hulle vry kan wees, sodat die Heilige Gees die voorrang kan hê. Amen.

Na Wie Toe Sal Ons Gaan? AFR60-0606
(To Whom Would We Go?)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 6 Junie 1960, by die Miami Valley Chautauqua in Chautauqua, Ohio, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org